# MOENIE PANIEKERIG WORD NIE

**Mat 24:2-14**

**Maar Hy antwoord hulle: “Julle sien al hierdie dinge? Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” (3) Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom toe en vra: “Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?” (4) Jesus antwoord hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie. (5) Baie sal onder my Naam kom en sê: ‘Ek is die Christus,’ en hulle sal baie mense mislei. (6) Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor. Pas op, moenie verskrik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie. (7) Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. (8) Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd. (9) Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. (10) In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. (11) Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei. (12) Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. (13) Maar wie tot die einde volhard, sal gered word. (14) En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.**

**MOENIE VERSKRIK WORD NIE....JESUS IS OP PAD**

ONS WORD HERINNER DAARAAN DEUR:

1 WÊRELDGEBEURE EN NATUURVERSKYNSELS (VS 6, 7A)

2 GEES VAN MISLEIDING (VS 4, 11)

3 GEES VAN AFVALLIGHEID (VS 10, 12)

4 TEËSTAND TEENOOR JESUS-NAVOLGERS (VS 9)

5 VERSPREIDING VAN EVANGELIE (VS 14)

VS 13 VOLHARD!! STAAN VAS! MOENIE BANG WORD NIE!



**PRAAT-SAAM-VRAE:**

1 WAT IN TEKSGEDEELTE BEMOEDIG JOU DIE MEESTE ?

2 WAT WAS VIR JOU ‘N NUWE ONTDEKKING IN HIERDIE GEDEELTE ?